

**Donderdag 25 Februarie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-6; HK Sondag 8, Vraag 25**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:6**

### **God bestaan**

Van Henog word gesê dat hy gelewe het soos God wou hê dat hy moet lewe. Die rede daarvoor is dat hy geglo het dat God bestaan en dat Hy dié sal beloon wat Hom soek. Hieruit is dit duidelik dat 'n mens net kan *glo* dat God bestaan. Daar is nie 'n ander manier waarop iemand kan aanvaar dat God bestaan nie, as net deur die geloof. Daar was in die loop van die geskiedenis van die kerk mense wat na vore gekom het met sogenaamde Godsbewyse. Daardeur het hulle met die hulp van logiese redenasies probeer bewys dat God bestaan. Hierdie Godsbewyse is egter onvoldoende en onaanvaarbaar. Dit is *onvoldoende* omdat die redenasie daarin nie van so 'n aard is dat dit iemand wat die bestaan van God ontken, sal oortuig dat hy verkeerd is nie. As dit wel 'n waarde het, sal dit eerder 'n waarde wees vir mense wat reeds glo. Die bewyse is egter *onaanvaarbaar* omdat dit uitgaan van die standpunt dat iemand deur menslike redenasies geloof in God by 'n ander persoon kan laat ontstaan. Dit is egter onmoontlik, omdat dit slegs God is wat geloof aan 'n mens kan gee (vgl. Ef. 2:8; Fil. 2:13). Al wat ons as mense kan doen, is om die evangelie aan ander te verkondig en te bid dat God op dié wyse deur sy Gees geloof in die ander persoon se hart sal laat ontstaan en groei. Wie vashou aan die Bybel as die Woord van God, het nie 'n probleem om te weet dat daar 'n God is nie, en dit is juis dié God wat Hom op elke bladsy van die Bybel aan ons openbaar. So verklaar die Here self by monde van Jesaja (45:5, 7): “*Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie ... Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en Ek skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge.*” Paulus sê: “*Ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en daar is ook geen God nie, behalwe Een*” (1 Kor. 8:4). In die Bybel is die getuienis dat daar 'n God is, só sterk en duidelik dat daarin gesê kan word dat dit 'n dwaas is wat sê dat daar geen God is nie (Ps. 14:1; 53:2). So 'n persoon is werklik 'n dwaas, want hy het laer as die bese geeste gesink. Hulle glo immers dat God bestaan en hulle sidder van ang (Jak. 2:19). Dit is 'n wonderlike genade wat God aan ons betoon het deur Hom in sy Woord aan ons te openbaar. Dit is ook 'n groot genade dat Hy ons deur sy Gees so gelei het dat ons die openbaring in geloof aanneem. Ons redeneer nie oor sy bestaan nie. Ons het Hom as ons God gevind. Ons het Hom lief en aanbid en verheerlik Hom. Ons sing van Hom: *Die God is onse God, en Hy sal tot die dood toe ons gelei* (Ps. 48:5 berymd).